




BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER PAASTYD tot PINKSTER

Paastyd is by uitstek die blye feesviering van die opstanding van die Here Jesus Christus. Ons Here het opgestaan. Dit is ons hoop op die lewe vir ewig, maar ook vir elke dag, want Jesus, die lewende Here is by ons. Hy leef elke dag saam met ons. Dit gee ons krag vir vandag. Gedurende die vyftig dae, van Paasfees tot Pinkster, vier ons die opstanding van Jesus Christus, dat Hy die dood oorwin het en hoop en ewige lewe gee vir elkeen wat in Hom glo. Die tyd word afgesluit deur Pinkster, wat ons herinner aan die gawe van die Heilige Gees. Paasfees is daarom die belangrikste fees in die Christelike jaar.

Waar daar in Lydenstyd gefokus is op die vernedering wat Jesus op sy lydenspad en in sy kruisdood ondergaan het, word daar in Paastyd gefokus op sy verheerliking. Sy opstanding uit die dood en sy hemelvaart is bevestiging dat Hy deur God tot die hoogste eer verhef is, terwyl die uitstorting van die Heilige Gees die versekering is dat Hy steeds in die middel van sy mense teenwoordig is.

Simboliek

Wit is die oorheersende kleur vir Paastyd. Daarby word die kleure van die reënboog gevoeg, wat die vreugde van die nuwe lewe uitbeeld. Op Pinkster verander dit na rooi wat verwys na die tonge soos van vuur met die uitstorting van die Heilige Gees. Paastyd is veral ook 'n tyd waar die liturgiese ruimte met blomme versier kan word om die nuwe lewe te vier.



LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



MEDITEER



BID



ONTVANG
& LEEF

Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".

Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: "*Laat dit met my wees volgens u Woord*". Bid is hier ontvang en dankie sê.

EIE BYBELLEES

<i>Week</i>	<i>Seisoen</i>	<i>Teks</i>	<i>Erediens</i>
22 - 28 Apr	<i>Paastyd</i>	Pred 3:1-22 en Job 14:1-13	28 Apr
29 Apr - 5 Mei	<i>Paastyd</i>	2 Kron 7:12-22	5 Mei
6 - 12 Mei	<i>Paastyd</i>	1 Kon 19:1-21	12 Mei
13 - 19 Mei	<i>Paastyd</i>	Jak 5:13-18 en Matt 7:7-12	19 Mei
20 - 26 Mei	<i>Paastyd</i>	1 Kor 12-14	26 Mei
30 Mei	<i>Hemelvaart</i>	HEMELVAARTDIENS IN MOEDERKERK	
27 Mei - 2 Jun	<i>Pinkstertyd</i>	Gen 1:1-4	2 Jun
3 - 6 Jun	<i>Pinkstertyd</i>	PINKSTERDIENSTE IN HOFMEYRSAAL	
3 - 9 Jun	<i>Pinkstersondag</i>	Fil 2:9-11	9 Jun